ties georiënteer en kan beter besluit wie watter deel van die staatskoek moet kry.

DENNIS SIEBRITS
Tygervallei

Eskom verdien prestasie-bonus

Dat jy jou nou só kan misgis, dag ek 'n week nadat *Die Burger* berig het Eskom is toegelaat om meer as 30% méér vir elektrisiteit te vra.

Ek het stellig verwag dat daar teen daardie tyd al berig sou word dat Eskom se grootbase vir hulself nóg 'n bonus toegeken het, hierdie keer 'n prestasie-bonus, want het hulle dan nie 'n yslike prestasie behaal deur só 'n groot verhoging in hul tariewe te bewerkstellig nie?

Nou kan Eskom baie meer geld maak om nog minder mee te doen, want dit lyk vir die gewone betaler van die tariewe nie of die verhoogde inkomste vir groter kragopwekking gebruik gaan word nie.

As hulle liewer die geld by ons kom léén het, sou ons dit met graagte beskikbaar gestel het – bietjies-bietjies uit baie beursies, maar dárem. Nou kom vát hulle sommer alles. Dis mos 'n prestasie dus en 'n bonus werd, dan nie?

LUDWIG VISSER
Vanrhynsdorp

Eskom kan mos dié krag opkoop

Met verwysing na Eskom wat die "helpende hand wegklap" (*DB*, 6 Julie) wonder 'n mens waarom Eskom nie soos in sekere Europese lande meters beskikbaar stel wat verbruikers krediet gee vir elektrisiteit wat hulle self opwek nê.

Dit sal mense aanmoedig om stelsels tuis te installeer wat deur middel van wind en die son krag opwek.

Ek het 'n vriend wat met twee windlaaiers en sonpanele op sy motorhuis se dak genoeg krag vir sy hele huishouding opwek. Hy los sommer sy televisiestel die hele dag aan om van die oortollige kapasiteit ontslae te raak!

As sy Eskom-meter nou "agteruit" kon loop, sou die oortollige kapasiteit in Eskom se netwerk beskikbaar wees. Een so 'n verskaffer sal nou nie 'n wesenlike verskil maak nie, maar 'n miljoen sal . . .

WILLEM GROBLER
Kaapstad